



# You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

# Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**ONTWERP V1**

**(TEORIE)**

**2021**

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

2. Daar is drie keusevrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (30 punte)
   VRAAG 1 tot 3

   AFDELING B: Ontwerpgeskiedenis (30 punte)
   VRAAG 4

   AFDELING C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

4. Lees die vereistes van elke vraag aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite. MOENIE in tabelvorm beantwoord NIE.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.

7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**

**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE**

**Beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1




FIGUUR A: **Illustrasie vir grafiese roman, *The Spiritual Adventures of Nandipha: Protector of the Zulu Kingdom*** deur Zinhle Zulu (Suid-Afrika), 2018.

1.1.1 Analiseer die gebruik van die volgende elemente en beginsel in FIGUUR A hierbo:

- Lyn
- Fatsoen
- Kontras
- Tekstuur
- Kleur (5 x 2) **[10]**

**OF**

1.2



FIGUUR B: **Chrysanthemum-bak** deur Michaela Janse van Vuuren (Suid-Afrika), 2009.
Gemaak van 'n tipe nylon wat met 'n 3D-drukker gesny en in lae gepak is.

1.2.1 Analiseer die gebruik van die volgende elemente en beginsels in FIGUUR B hierbo:

- Ritme
- Tekstuur
- Kleur
- Balans (4 x 2) (8)

1.2.2 Bespreek die term *biomimiek* met betrekking tot die gebruik daarvan in FIGUUR B hierbo. (2)
**[10]**

**VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP**

2.1




FIGUUR C: **Plakkaat vir Justice for my Sister Collective**, ontwerper onbekend (VSA), 2014.

Noem DRIE simbole wat duidelik in die ontwerp in FIGUUR C hierbo sigbaar is en bespreek die moontlike betekenisse daarvan. (6)

2.2




FIGUUR D: **PPS-erkenning aan Vroue-veldtogplakkaat**, ontwerper onbekend, (Suid-Afrika), 2018.

Bespreek hoe die veldtogplakkaat in FIGUUR D hierbo bewoording en beelde gebruik om die kwessie van stereotipering onder die aandag te bring. (4)

**[10]**

**VRAAG 3**

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Verwys na FIGUUR E en FIGUUR F hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



FIGUUR E: **Groot Bonkige Vergulde Mansring** deur Big Samy (VSA), 2009.



FIGUUR F: **Trouring van Hout**, ontwerper onbekend (Suid-Afrika), 2014.

Skryf 'n opstel van ten minste 200–250 woorde (EEN bladsy) waarin jy die ring in FIGUUR E met die ring in FIGUUR F vergelyk.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Materiaal
- Kleur
- Invloede
- Vorm
- Funksie (5 x 2) **[10]**

**OF**

3.2



FIGUUR G: **The Capitol** in Dougga, Tunisië (Afrika), 166 AE.



FIGUUR H: **Voorgestelde Judicial Law Project (Regterlike Hof-projek)** in Meru deur Dennis Makuba (Kenia), 2013.

Skryf 'n opstel van ten minste 200–250 woorde (EEN bladsy) waarin jy die antieke Capitol in Dougga, Tunisië, in FIGUUR G met die kontemporêre voorgestelde Regterlike Hof in Meru, Kenia, in FIGUUR H vergelyk.

Anders kan jy enige Klassieke gebou met enige kontemporêre gebou wat jy bestudeer het, vergelyk.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Materiaal
- Funksie
- Bouterrein
- Struktuur
- Invloede (5 x 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS**

**VRAAG 4**

4.1

**'Beide die natuur en die masjien het ontwerpers deur die eeue heen geïnspireer.'**

Kies TWEE bewegings uit die lys hieronder. Skryf 'n opstel van 400–450 woorde (TWEE bladsye) en bespreek of die gekose bewegings die inspirasie van die natuur, die masjien of beide reflekteer.


In jou opstel, verwys na die doelstellings, invloede en eienskappe van ELKE beweging om jou stellings te ondersteun. Sluit ook 'n bespreking in oor EEN ontwerp en ontwerper van BEIDE gekose bewegings wat na die stelling verwys.

- Goties
- Renaissance
- Barok
- Neoklassisisme
- Kuns en Kunsvlyt
- Art Nouveau
- De Stijl
- Bauhaus
- Modernisme
- Skandinawies
- Dekonstruktivisme (20)

4.2



FIGUUR I: **Bellerup Calor** (Pop-ontwerp) (Frankryk), 1960's.



FIGUUR J: **Alessi-kaggelhorlosie** deur Michael Graves (Postmodern) (VSA), 1986.

Skryf 'n vergelykende opstel van 200–250 woorde (EEN bladsy) oor die horlosies in FIGUUR I en FIGUUR J waarin jy verduidelik hoekom hulle tipies is van die bewegings waartoe hulle behoort.

Verwys na die volgende in jou verduideliking:

- Invloede
- Doelstellings
- Kleur
- Lyn
- Materiaal (5 x 2) (10)


**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**

**VRAAG 5**

**Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1



FIGUUR K: **Sosialemedia-verslawing-plakkaat** deur CFAEU (Slowenië), 2018.

5.1.1 Bespreek die boodskap wat deur die plakkaat in FIGUUR K oorgedra word en verduidelik hoe die ontwerper beelde en uitleg gebruik het om dit te bereik. (4)

5.1.2 Skryf TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk), en bespreek die werk van EEN Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep EN EEN internasionale kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep wat aan sosiokulturele kwessies in hulle werk aandag gee.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Die naam van die ontwerper of ontwerpgroep en EEN ontwerp wat aan sosiokulturele kwessies aandag gee
- Doelstellings, materiaal en tegnieke wat in die ontwerp gebruik is
- 'n Bespreking van hoe die ontwerper sosiokulturele kwessies aanpak

Jy mag NIE verwys na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel gebruik is NIE. (16)

**OF**

5.2



FIGUUR L: **Fallen Nest (*Gevalle Nes*)** deur Porky Hefer (Suid-Afrika), 2019.

5.2.1 Dink jy dat die produk in FIGUUR L hierbo as 'n ontwerp of kunshandwerk, of beide, beskou word? Gee redes vir jou antwoord. (2)

5.2.2 Skryf 'n artikel vir 'n reistydskrif waarin jy EEN van Suid-Afrika se inheemse tradisionele kunsvlyte bevorder.

Bespreek die oorsprong, funksie, sosiale rol, materiaal en tegnieke daarvan.

Bespreek ten minste EEN produk om jou stelling te illustreer. (8)

5.2.3 In 'n opstel van 200–250 woorde (EEN bladsy) bespreek die werk van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse of Afrika-ontwerper/ ontwerpgroep wie se ontwerpe geïnspireer word, of gebruik maak van enige een van die tradisionele Suid-Afrikaanse/Afrika-tegnieke en/of materiale.

Sluit die volgende by jou bespreking in:

- Naam van die ontwerper/groep en EEN ontwerp vervaardig
- 'n Omvattende beskrywing van hoe die ontwerper/ ontwerpgroep die tradisionele tegnieke aanpas en toepas om 'n kontemporêre ontwerp te skep. Verwys na die ontwerp om jou stelling te steun.
- Bespreek die ontwerp se sosiokulturele bydrae.

Jy mag NIE verwys na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel gebruik is NIE. (10)
**[20]**

**VRAAG 6**

6.1





FIGUUR M: **Klein Huisie met Eie Krag- en Watervoorsiening**, Paul en Annette (VSA), 2011.

Verduidelik hoekom die huis in FIGUUR M hierbo as omgewingsvriendelik beskou kan word. (4)

6.2 Skryf TWEE aparte opstelle van ten minste 200–250 woorde ELK (ten minste EEN bladsy elk), waarin jy die werke van EEN Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep EN EEN internasionale kontemporêre ontwerper/ ontwerpgroep bespreek wie se werk op omgewingskwessies fokus.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en EEN van sy/haar/hulle ontwerpprodukte
- 'n Bespreking van die ontwerper/ontwerpgroep se doelstellings, materiaal en prosesse
- 'n Bespreking van die ontwerp, en 'n verduideliking van waarom dit omgewingsverantwoordelik is

Jy mag NIE verwys na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel gebruik is NIE. (16)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou